**Skriflesing:** Genesis 29:15-28
**Tema:** Kierankies braai uit? (Die spreekwoord beteken dat jou oneerlikheid bekend sal word en jy daarvoor gestraf sal word)

Ek het vooraf gedink dat daar nogal 'n paar tema's is wat voorkom in hierdie gedeelte. Party van hulle is so bietjie tong in die kies. Tema's soos: "Liefde met die eerste oogopslag of dalk dat die liefde blind is." Of "Daar was al beurtkrag in die OT", want hoe trou mens met die verkeerde vrou? Of dalk trappe van vergelyking: "skelm, Jakob, Laban."
Maar vandag gesels ons oor die vraag: Kierankies braai uit?

Sonde in ons lewe lyk baiekeer aanvanklik onskuldig, maar uiteindelik draai dit ons vas en verwoes ons lewens. Genesis 29 vertel vir ons presies só 'n verhaal.
Nadat Jakob sy tweelingbroer, Esau, liederlik bedrieg het, sweer Esau wraak en Jakob moet vlug na sy ma se mense in Haran. Tydens sy vlug ontmoet God hom en Hy bevestig sy beloofde land en nageslag belofte weer aan hierdie voortvlugtige bedrieër by Bet-El.

Naby aan die einde van sy vlugtog loop Jakob die meisie van sy drome raak en is dadelik halsoorkop op haar verlief. Hy is nie in 'n posisie om 'n bruidsprys vir Ragel te betaal nie, maar hy is so smoorverlief op haar dat hy 'n hoë prys, sewe jaar arbeid, vir haar aanbied. Was dit dalk hierdie verliefdheid wat hom blind gemaak het vir die feit dat die gesluierde bruid Lea en nie Ragel is nie? Laban se verskoning dat dit die gebruik was dat die oudste eerste trou (Gen 29:26), is 'n wegsteek van sy eie gierigheid. Hy wou Jakob as goeie werker nog langer te behou.

Ná sy huwelik met Lea, trou Jakob ook met Ragel, maar moet as bruidsprys nog 'n verdere sewe jaar vir Laban werk.
Ons het 2 weke gelede by Jakob se kullery van sy broer, Esau, stilgestaan. Nou word hy as die kuller gekul. Hy het sy broer van sy eersgeboortereg beroof, nou word hy beroof as hy onwetend met die eersgeborene suster trou. Soos hy en sy ma sy blinde pa, Isak, bedrieg het vir die vaderlike seën, so bedrieg sy skoonpa Laban hom terwyl hyself blind van liefde is.

In tyd wat Jakob vir Laban werk word hy ryklik geseën. Laban word al meer jaloers op hom en hy moet met al sy besittings terug vlug na Kanaän toe. Hier sien ons duidelik die vasdraai sneeubal effek van sonde. Sonde laat verhoudings verbrokkel. Jakob se donker verlede haal hom in. Hy sit nou met 'n wraaksugtige broer, 'n ontevrede skoonpa en hewige konflik tussen sy 2 vroue.

Dit laat my dink aan die bekende verhaal van die motorversamelaar wat op soek was na 'n spesifieke klassieke motor. Hy sien 'n advertensie van so 'n motor in die koerant vir slegs R1 000. Hy weet dat dit amper verniet is en is redelik seker dat daar groot fout met die motor moet wees. Hy bel die vrou wat die advertensie geplaas het en sy sê: "Nee, die motor is in tip-top-kondisie."
Nadat hy die motor gesien het, koop die man dit onmiddellik. Sy gewete pla hom daarna vreeslik en hy sê vir die vrou: "Mevrou, hierdie motor moet baie duurder wees."
"Ja," sê die vrou, "ek weet."
"Maar hoekom verkoop jy dit dan so goedkoop?"

"My man het my gelos en met ‘n ander vrou weggeloop weggeloop. Toe sê hy ek kan alles kry. Ek moet net die motor verkoop en vir hom die geld stuur.
Dit is my plan met die R1 000."

Wanneer ons hierdie storie hoor, kan ons nie anders nie as om lekker te kry nie. Ek bedoel, dit is mos die ou se verdiende loon.

En dit is heeltemal reg so, solank dit net met ander mense gebeur. Solank hulle net hulle verdiende loon kry. Wanneer dit met ons gebeur, reageer ons baiekeer soos Jakob.
In Gen 29:25 lees ons dat hy, om dit liggies te stel, redelik vies is toe hy agterkom dat sy skoonpa hom bedrieg het.
Dit gebeur dikwels dat ons ontsteld is oor die onreg wat aan ons gedoen word, maar ons sluit ons oë vir die onreg wat ons aan ander doen. Jakob leer hier dat hy nie met dubbele standaarde kan leef nie.

‘n Klassieke voorbeeld van dubbele standaarde is die pa wat met sy kind raas omdat hy ’n uitveër by een van sy maatjies by die skool gevat het. Hy het vir hom gesê: "Jy mag nie ’n ander maatjie se uitveër vat nie. Dit is verkeerd en jy sal vreeslik gestraf word. Moet dit nie doen nie. Sê vir my wanneer jy ‘n uitveer nodig het en pappa sal vir jou een van die werk af bring." Dit is dubbele standaarde by uitnemendheid.

Sulke sonde in ons lewe, oneerlikheid en onreg, lieg en bedrieg lyk baiekeer aanvanklik onskuldig, maar dan draai dit ons vas en maak ons ‘n gevangene. Dit verwoes ons lewens en verhoudings.

Indien die boodskap hier sou eindig, sou ons hulpeloos en ons lewens sinloos gewees het. Ons is vasgevang in sonde en dit is nou maar dit. Maar dank die Here, die verhaal eindig nie hier nie.

Die verhaal eindig by God en sy genade. God se naam word nie eenmaal in die Skrifgedeelte genoem nie en tog is Hy teenwoordig. Ondanks Jakob se vasdraai sondige lewe is God met Hom oppad. God se plan is om vir Hom’n nasie uit Jakob se nageslag voort te bring en God se planne word nie verydel nie. Nie net is God met Jakob oppad nie, Hy vervul sy beloftes en doelwitte deur hierdie vreemde man wat snaakse goed aanvang.

Deur allerlei ontrou en bedreigings bly God getrou. Deur uitdagings en krisisse behou Hy die inisiatief. Sy beloftes word waar. Uiteindelik besef Jakob sy afhanklikheid van God en sy verhouding met God verdiep.

Hy is die God by wie kierankies nie altyd uitbraai nie, die God wat sonde vergewe. Sy Seun, Jesus Christus, is die skêr wat sondebande, waarmee ons ons laat bind, telkens kom afsny. Ons moet net in geloof Hom toelaat om dit te doen. In ware berou en opregte geloof moet ons ons sonde bely. Hy vergewe dit. In die krag van die Here, met sy Gees in ons, kan ons dan met sonde breek en nie langer deelneem aan ons land se nasionale sport van lieg en bedrieg nie.

Wie is ek nou en ek het al vreeslike goed aangevang? Mense gebruik die verskonings maklik om nie die Here uit dankbaarheid te dien nie.
Maar God maak ons vry van ons kierankies om, soos Jakob, ten spyte van ons tekortkominge deel van Sy plan in en met die wêreld te wees.
Amen